MCPP, MLPP, MRPP
Pre-Primêr Pre-Primary



GELUKKIGE KLEUTERS GERAT VIR MÔRE!
HAPPY TODDLERS GEARED FOR TOMORROW!

MIDSTREAM PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDLANDS PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDSTREAM RIDGE PRE-PRIMÊRE SKOOL

BELEID MET BETREKKING TO MEDIESE AANGELEENTHEDE EN MEDIKASIE

2019

Opgestel deur: Anke de Wet

Regsadvies: De Wet Oosthuizen Ingelyf

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

Die doel van hierdie beleid is om aan opvoeders, personeel en ouers van die skool riglyne te verskaf in verband met die hantering van mediese aangeleenthede en die toediening van medikasie (van watter aard en oorsprong ook al) aan leerders as 'n saak van roetine en in noodgevalle.

Ouers en voogde van leerders het die primêre verantwoordelikheid vir die gesondheid van hulle kinders en is verplig om aan die skool genoegsame en voldoende inligting te verskaf oor hulle kinders se gesondheidstoestande, mediese behoeftes, mediese toestande, mediese behandeling en/of enige ander spesiale behandeling wat hulle dalk mag benodig tydens skoolure en enige ander skoolaktiwiteit.

Daar rus geen wetlike verpligting op enige opvoeder of ander personeellid van die skool om medikasie aan enige leerder toe te dien nie, dit is 'n vrywillige taak. Daarom sal ouers wat opvoeders en enige ander persoon in diens van die skool ingevolge hierdie beleid versoek om enige medikasie aan hulle kinders toe te dien hulle vrywaar van enige vervolging wat mag ontstaan as gevolg van die toedien van sulke medikasie. Vrywaring is egter uitgesluit waar bedrog, oneerlikheid of 'n kriminele oortreding betrokke is. Die skool moet egter sorg dat die saak gedek word deur die versekeringspolis van die skool indien dispute mag ontstaan.

1.1. **Algemeen:**

1.1.1. Geen siek leerders word by die skool toegelaat nie. Hierdie reël het ten doel om die verspreiding van siektes onder leerders te beperk en die skool behou die reg voor om 'n leerder huis toe te stuur indien daardie leerder te siek is om aan die normale verloop van die skooldag deel te neem en/of ander leerders mag aansteek.

1.1.2. Ouers word aangemoedig om die skool in kennis te stel indien hul kinders nie by die skool sal wees weens siekte nie. Die skool sal egter ouers skakel nadat 'n leerder vir 3 dae afwesig was om te bepaal wat die rede vir sodanige afwesigheid is.

1.1.3. Enige mediese insident of -geval word aangeteken in die skool se insidentboek geleë op die terrein en/of in die kantoor.

1.2. **Mediese prosedures**

1.2.1. Indien 'n kind 'n mediese prosedure ondergaan het wat 'n herstel periode verlang, is dit belangrik dat die kind slegs sal terugkeer skooltoe na afloop van sodanige herstel periode.

1.2.2. In sodanige gevalle moet die ouers die skool van 'n doktersbrief (vanaf die dokter wat die kind se mediese prosedure behartig het) voorsien dat die kind gereed is om terug te keer skooltoe.

1.3. **Koors:**

1.3.1. Geen kinders met koors sal toegelaat word by die skool nie. Ouers moet leerders tuis hou as die kind die vorige aand koors gehad het.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

1.3.2. Wanneer 'n leerder koors by die skool ontwikkel, sal die volgende proses gevolg word:
  1.3.2.1. die leerder sal na die siekekamer geneem word;
  1.3.2.2. die leerder se koors sal gemeet word;
  1.3.2.3. sou die leerder se koors bo die aanvaarde norm (bo 37,5 grade Celsius) wees, sal die leerder se ouer/voog geskakel word om hom/haar te kom haal;
  1.3.2.4. indien die leerder se ouer/voog nie bereik kan word nie, sal die leerder se nood kontakpersoon geskakel word;
  1.3.2.5. sou die leerder se koors aanhou styg en 38.5 grade Celsius bereik, sal die leerder se klere (nie onderklere nie) uitgetrek word en die leerder sal met 'n klam handdoek bedek word om hom of haar af te koel en waaiers sal in die vertrek aangesit word om in 'n poging om die koors te beheer.

1.3.3. Geen medikasie sal aan leerders met koors toegedien word alvorens die ouer op skrif toestemming aan die skool voorsien het nie en dan ook slegs wanneer dit 'n noodgeval is en niemand die leerder betyds kan kom afhaal nie. Hierdie medikasie sal beperk word tot Panado.

1.4. **Noodgevalle:**

1.4.1. Die noodhulpspan van die skool word geroep om beheer te neem van die noodgeval.

1.4.2. Indien die kind beweeg kan word, word die kind siekekamer toe geneem, andersins word die kind op die plek gestabiliseer en ondersteun.

1.4.3. Daarna word die ouers, sowel as die landgoed se nooddienste, onmiddellik in kennis gestel van die noodgeval.

1.4.4. Sodra die nooddienste arriveer, sal hulle die kind assesseer om die graad van ernstigheid van die besering te bepaal om met die ouers oor die volgende stap te kommunikeer.

1.4.5. Geen medikasie sal aan leerders toegedien word alvorens die ouer op skrif toestemming aan die skool voorsien het nie en dan ook slegs wanneer dit 'n noodgeval is en niemand die leerder betyds kan kom afhaal nie. Hierdie medikasie sal beperk word tot: Buscopan, Valiod en Allergex.

1.4.6. Wanneer leerders op die skoolgronde seerkry kan die skool Reparil Gel, Zambuk en "HerbaZone Reconstruction" Room, Dettol en room gemeng met vloeibare paraffien (in die winter) toedien. Ouers moet die skool in kennis stel indien hul kind/ers allergies is vir enige van die voorgenoemde en/of as hulle nie die toediening daarvan wil toelaat nie.

1.5. **Aansteeklike siektes:**

1.5.1. Enige vermoede vanaf die skool dat leerders moontlik 'n aansteeklike siekte het en huis toe gestuur word, soos pienk oë, hand-voet-mond, ringwurm, ens. het die skool 'n doktersnota nodig, voordat die leerders mag terugkeer skool toe.

1.5.2. Aansteeklike siektes soos luise, hand-voet-en-mondsiekte, breinvliesontsteking, kindersiektes sal onmiddellik by die kantoor gerapporteer word waarna die kantoor die nodige stappe sal neem om ouers in kennis te stel.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

1.5.3. Die Hoof van die skool sal bepaal of dit nodig is om 'n brief uit te stuur en in hoe 'n mate die klasse ontsmet moet word, indien nodig.

1.6. Die hantering van allergieë / mediese kondisies in skole (Leerders en Personeel)

1.6.1. Algemeen

MCPP / MLPP / MRPP ondersteun die Allergy Foundation https://www.allergyfoundation.co.za/ se hantering van allergiese toestande wat ernstige en lewensgevaarlik vir kinders kan wees Die basiese beginsels van die beleid sluit in om te verseker dat:

a) Die kantoordames tesame met die skool se noodhulpspan mediese kondisies en allergieë by elke skool sal hanteer;
b) Elke leerder/personeellid wat aan 'n allergie/mediese kondisie ly, geïdentifiseer word en 'n mediese-behandelingsplan, wat deur hul dokter onderteken is en 'n foto-identifikasie (ID) van die leerder/personeellid insluit deur die leerder se ouers of die personeellid by die skool ingedien word.
c) Stappe gedoen word om die blootstelling aan geïdentifiseerde allergene te verminder vir diegene wat aan ernstige allergieë ly;
d) Noodmedikasie ten alle tye beskikbaar en toeganklik is. Geen leerders of personeellede sal deur die skool getransporteer word nie. Indien die ouer of nood kontakpersoon van die leerder of personeellid nie bereik kan word nie, sal nooddientse gekontak word om die leerder of personeellid te transporteer en sal sodanige rekening vir die ouers van die leerder of die personeellid se eie rekening wees.

Algemene allergieë sluit in allergiese asma, allergiese rinitis, ekseem, insekallergieë en voedselallergieë. Blootstelling aan 'n allergeen kan lei tot anafilaksie. Anafilaksie is " 'n ernstige, lewensgevaarlike allergiese reaksie wat vinnig ontstaan, onmiddellike mediese aandag vereis en tot die dood kan lei".

1.6.2. Die bestuur van allergieë in skole

Die bestuur van allergieë in skole moet daarop toegespits wees om blootstelling aan allergene te vermy en vir allergieverwante noodgevalle voor te berei. Strategieë rakende die vermyding van en voorbereiding vir noodgevalle moet toepaslik wees tot verskeie instellings (klaskamer, en speelgronde, uitstappies, ens.) en verskeie versorgers (opvoeder en skool kantoordames).

Diegene wat die risiko loop om ernstige reaksies te ervaar, asook hul maats, moet geleer word om sodanige reaksie by die naaste beskikbare opvoeder of volwassene aan te meld. Alle volwassenes by die skool moet oor die identiteit van sodanige leerders of personeellede ingelig word moet bewus wees van die allergiese reaksies wat verwag kan word.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

Verkry die ondersteuning van medeleerders, hul gesinne en die skoolpersoneel om die teenwoordigheid van gespesifiseerde voedselallergene (gewoonlik grondboontjies, neute vanaf bome en sesamsaad) op die skoolterrein, Bak-en-brou-dae, Markdae en by naskoolse aktiwiteite, partytjies en in die naskool te beperk of uit te sluit. Vermy die gebruik van algemene voedselallergene in klaskamerprojekte /skoolaktiwiteite, klaspartytjies of klasvierings.

Verseker dat leerders met ernstige voedselallergieë in 'n veilige omgewing kan eet. Opsies sluit in:

a) om leerders (veral by jong leerders) te ontmoedig om kos te deel;
b) om 'n gespesifiseerde allergeenvrye omgewing te vestig vir diegene met ernstige of veelvoudige allergieë, sodanige omgewing moet gereeld onderhou en skoongemaak word; en
c) om alle leerders aan te moedig om hul hande deeglik voor en na voedselinname te was.

1.6.3. **Toepassing by skool:**

a) By skole moet elke leerder en personeellid, wat aan 'n chroniese mediese kondisie en/of 'n allergie ly, in besit wees van 'n mediese behandelingsplan wat deur hul dokter onderteken is. Die plan moet foto-identifikasie (ID) van die leerder of personeellid insluit en jaarliks bygewerk word. Hierdie mediese behandelingsplan sal in die skool se siekeboeg/klaskamers en kombuis gestoor word.
b) Die skool doen jaarliks by elke leerder en personeellid navraag doen oor allergieë op die registrasievorm/inligtingsvorm nadat die leerder ingeskryf is en/of oorgeplaas word na die volgende klas of die personeellid in diens getree het.
c) Die mediese-behandelingsplan moet deur die ouers/wettige voogde van leerders (in die geval van leerders) alternatiewelik die personeellid self (in die geval van personeel) onderteken word en stipuleer watter medikasie die skoolpersoneel gemagtig is om toe te dien en wanneer dit toegedien moet word.
d) Met ontvangs van die mediese-behandelingsplan, moet die opvoeder en die skool vergader om die plan te lees en bewustheid onder die personeel te skep.
e) Klasspesifieke rekords moet gehou word van leerders met ernstige allergieë en asma, asook waarvoor hul allergies is en moet vir die noodhulpspan toeganklik wees (plaas in kombuis, siekeboeg en klasregister).
f) Skole moet rekords hou van alle medikasie wat toegedien word.
g) Noodmedikasie moet in 'n aangewese plek onder die regte toestande gestoor word en moet ten alle tye toeganklik wees. Hierdie medikasie moet verkieslik nie toegesluit wees nie, maar wel buite die bereik van jong leerders wees. Gestoorde medikasie moet op reëlmatige tydstippe deur die afgevaardigde ondersoek word (Januarie met ontvangs, tydens die Junie vakansie, laaste dag van skool in Desember gee terug aan ouer) om die vervaldatums na te gaan waarna die ouers/wettige

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

voogde (in die geval van leerders) en personeellede (in die geval van personeel) in kennis gestel moet word om dit aan te vul met medikasie wat nog nie die vervaldatum bereik het nie (vir ouers/ personeel se eie koste).

h) Die mediese-behandelingsplan moet melding maak van die leerder se toestemming om voorgeskrewe medikasie in geval van diabetes bv. 'n Insulienpompie, saam te dra en self toe te dien waar dit strook met die leerder se ontwikkelingsfase.

i) Skole moet die ouers/wettige voogde onmiddellik in kennis stel van voorvalle en die omstandighede van die voorval aanteken asook indien medikasie vereis word 'n rekord hou van alle medikasie wat in 'n noodgeval toegedien is, na skriftelike goedkeuring bekom is (sms, epos, whatsApp).

j) In die geval van 'n anafilaktiese reaksie, moet 'n personeellid of die kantoordame adrenalien via 'n outomatiese-inspuitingstoestel (Epipen) soos voorsien deur ouer/personeellid, toedien. Die leerder moet dan deur nooddienste na die naaste hospitaal vervoer word. Personeel mag onder geen omstandighede leerders in 'n noodsituasie vervoer nie. Indien die naaste nooddienste nie beskikbaar is nie sal die skool die volgende nooddienste skakel in die volgorde waarin dit gelys is:

- Paramedici 0727283620
- Midstream Mediclinic Hospitaal 012-652 9000
- Midstream Medical Sentrum 012-940 9509
- Netcare 911 082911
- GIFSENTRUM 0800 111 229 / (011) 642 2417

k) Vir aktiwiteite buite die skoolterrein moet 'n opvoeder/volwassene, wat vir 'n leerder met ernstige allergieë verantwoordelik is, 'n noodhulpkissie insluitende noodmedikasie wat met die ernstige allergieë verband hou, saamneem. Hierdie opvoeder/volwassene moet opgelei wees om die medikasie toe te dien, indien nodig.

1.7. **Beleid met betrekking tot medikasie:**

1.7.1. Algemeen

Alhoewel die Direksie en die Skoolhoof van die skool die toediening van medikasie aan leerders gedurende die skooldag ontmoedig, terwyl ander reëlings getref kan word, is hulle ook bewus van die feit dat in sommige gevalle dit noodsaaklik mag wees as gevolg van 'n spesifieke leerder se gesondheidstoestand, lang termyn siekte, beserings of ander mediese toestand sodat leerders nie van hulle akademiese en onderwysvoorregte ontneem word nie.

Ouers en voogde moet so ver as moontlik probeer om in samewerking met mediese dokters reël dat die toediening van medikasie buite skoolure geskied sodat dit nie nodig is vir 'n persoon van die skool om dit toe te dien nie. As dit nie anders kan nie moet die voorskrifte in hierdie beleid gevolg word.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

Die doel van die beleid is om die veilige toediening van medikasie aan leerders deur opvoeders en/of personeel van die skool met die nodige instemming van ouers en/of voogde.

Die toediening van medikasie aan leerders sal die verantwoordelikheid wees van spesifieke aangewese opvoeders en/of personeel. Dit sal 'n vrywillige taak wees en op geen opvoeder of personeellid afgedwing word nie.

1.7.2. Aansoek om toediening van medikasie:

1.7.2.1. Ouers moet vooraf by die skool aansoek doen vir die toediening van medikasie aan hul kind/ers by wyse van die voltooiing, ondertekening en indiening van die voorgeskrewe vrywaringsvorm waarin hulle magtiging aan die aangewese persone by die skool verleen om die medikasie, onderworpe aan hierdie beleid aan hulle kind/ers toe te dien.

1.7.2.2. Hierdie aansoek sal vergesel wees van 'n doktersbrief in gevalle van voorgeskrewe medikasie en moet die nodige aansoekvorms vergesel wat dan by die skoolkantoor ingehandig moet word.

1.7.2.3. Geen telefoniese aansoeke sal oorweeg word nie. Die aansoek sal op skrif en in die voorgeskrewe formaat by die skool ingedien word.

1.7.2.4. Medikasie:

1.7.2.4.1. Voorskrif medisyne wat twee keer per dag toegedien moet word, moet by die huis toegedien word en sal nie by die skool toegedien word nie.

1.7.2.4.2. Geen vitamines of kroniese medikasie sal by die skool toegedien word nie.

1.7.2.4.3. Slegs medikasie wat 'n middagdosering vereis (dus 3 keer per dag), sowel as medikasie vir allergieë, asma, epilepsie en diabetes sal deur die skool oorweeg word tydens die aansoekproses.

1.7.2.4.4. Geen inspuitings sal deur die onderwysers of personeel van die skool gedoen word nie. Slegs 'n Epipen sal toegelaat word.

1.7.2.4.5. Voorskrifmedikasie wat na ontbyt in die oggend toegedien moet word, moet ook by die huis toegedien word deur die ouers.

1.7.2.5. 'n Geskikte geslote, bergingskabinet waartoe net personeel en opvoeders toegang het is vir die doeleindes van die berging van medikasie by die skool se kantoor. Dit is ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle medikasie weer uitgeteken word aan die einde van die skooldag/naskool – voor 17:00 by die skoolkantoor en tot en met 18:00 by die Naskoolhoof.

1.7.2.6. Enige medikasie wat skool toe gestuur word of by die skool afgegee word sonder dat daar aan die aansoekproses voldoen is, sal gekonfiskeer word en in die bergingskabinet gestoor word. Die ouer/voog sal geskakel word om dit te kom haal. Sou die ouer versuim om die medikasie by die skool af te haal, behou die skool die reg voor om van die medikasie ontslae te raak.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

1.7.3. Medisyneboek:

1.7.3.1. By goedkeuring deur die skool en na afloop van die bogenoemde aansoekproses, sal die medikasie in die medikasieboek van die skool in die kantoor opgeteken word.

1.7.3.2. Die kantoor sal 'n medikasieboek hê met die volgende informasie:

- Datum van goedkeuring van aansoek;
- Naam van kind;
- Naam van siekte/mediese toestand;
- Naam van medikasie;
- Tyd van toediening;
- Dosis vir toediening;
- Wyse van toediening;
- Handtekening van die ouer/voog;
- Handtekening van die onderwyseres of ander personeellid wat die medikasie sal toedien, sowel as 'n getuie.

2. HERSIENING

Hierdie beleid sal van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word, soos nodig geag deur die Skoolhoof, die Bedryfsbestuurder en/of Direksie van die Skool.

AANVAAR DEUR DIE DIREKSIE OP 14/11/2019.

SKOOLHOOF

BEDRYFSBESTUURDER

DIREKTEURE

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP